GEDRAGS- EN DISSIPLINÊRE BELEID VIR STUDENTE

Beleidnaam	Gedrags- en Dissiplinêre Beleid vir Studente	**Beleidnommer**	029_SS
Goedkeurende liggaam	Senaat	**Aanvangsdatum**	2012-01
		Laas gewysig	2023-04
Weergawe	7	**Bewaring**	Registrateur
Toepaslike beleid	• Toelatingsbeleid • Assesserings- en Modereringsbeleid • Onderrigbeleid • Plagiaatbeleid		
Gepaardgaande dokumente	• Akademiese Grieweprosedure • Gedragsbeleid vir Studente		

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn en prof. D.P. Goosen.

INHOUDSOPGAWE

1. Doelstelling 2

2. Toepassing en omvang 2

3. Oogmerke 3

4. Algemene studentegedrag en reëls 3

5. Wangedrag 4

6. Strafmaatreëls 5

7. Dissiplinêre Komitee vir Studente 6

8. Dissiplinêre prosedures 7

   8.1 Ondersoek 7

   8.2 Prosedure 7

9. Reg tot appèl 8

   9.1 Dissiplinêre Appèlkomitee vir Studente 8

   9.2 Appèlproses 8

10. Strafoplegging 9

   10.1 Skorsing van student 9

   10.2 Uitsetting 9

11. Bykomende bepaling 10

12. Grade van oortreding en die betrokke gevolge 10

   12.1 Graad 1-oortredings 11

   12.2 Graad 2-oortredings 11

   12.3 Graad 3-ootredings 12

13. Ander 13

1. Doelstelling

Die doel van hierdie *Gedrags- en Dissiplinêre Beleid vir Studente* (hierna ‘die Beleid’ genoem) is om riglyne, ’n institusionele raamwerk, en basiese strategieë te voorsien vir die toepassing van wettiglik gesonde beginsels vir die hantering van gebrek aan nakoming van die beleid, reëls en regulasies van Akademia asook enige administratiewe gesag; gevalle van wangedrag, en ander dissiplinêre oortredings wat voorkom tydens en met betrekking tot administrasie en deelname aan leer en onderrig, assessering en alle verwante bedrywighede wat aangebied of georganiseer word deur of namens Akademia.

2. Toepassing en omvang

Alle studente is vanaf datum van aansoek onderworpe aan hierdie Beleid asook enige ander gedragskode vir studentegedrag, wat deur verwysing geïnkorporeer word in alle toepaslike dokumentasie en kommunikasie, en moet gelees word en is van toepassing gelyklopend met alle ander beleid, reëls en regulasies van of met betrekking tot Akademia. Hierdie Beleid en sy prosedures geld vir alle oortredings van die beleid, reëls, en regulasies asook wangedrag ten opsigte van alle bedrywighede verwant aan of georganiseer deur of namens Akademia. As sodanig, is die Beleid ’n poging om te verseker dat studente die vereiste gedragskode nakom, ter ondersteuning van ’n bevorderlike leer- en onderrigomgewing en studentelewe, en om die reputasie van Akademia as ’n instelling vir hoër onderrig te beskerm. Hierdie Beleid en die gepaardgaande prosedures en maatreëls word deur die Senaat van Akademia goedgekeur. Die Registrateur is verantwoordelik vir die handhawing van studentedissipline en gevolglik, vir die uitvoering van hierdie Beleid en die oplê en afdwing van toepaslike strafmaatreëls en strafoplegging.

Dit blyk uit die bogemelde dat studente bewus moet wees van wat ’n oortreding of wangedrag behels, die prosedures wat op ’n aantyging van ’n oortreding of wangedrag volg, en die strafmaatreëls en strafoplegging wat die instelling mag voltrek indien vasgestel word dat ’n oortreding begaan is.

Alle gevalle word volgens verdienste oorweeg, en die instelling sal alle pogings aanwend om te verseker dat behoorlike prosedures gevolg word en dat toepaslike strafmaatreëls en straffoplegging konsekwent plaasvind. Studente moet kennis neem van die beleid van die Verteenwoordigende Studenteraad en Studentekoshuisbeleid, welke beleid en

gepaardgaande reëls en prosedures gelyklopend met hierdie Beleid van toepassing mag wees, vir soortgelyke optrede, gebeurtenisse of feitelike voorvalle.

3. Oogmerke

Die Beleid respekteer Akademia se waardes van geloof, hoop en liefde, rentmeesterskap, pionierskap, verbondenheid en die strewe na kennis en wysheid. Derhalwe word Akademia, deur middel van die Beleid, verbind tot bevordering van die instelling se reputasie vir uitnemendheid in onderrig, leer en navorsing en dienslewering aan die intellektuele, professionele, en opvoedkundige behoeftes van sy werknemers en studente. Die Beleid word ondersteun deur die *Gedragskode vir Studente,* wat hierin geïnkorporeer word deur verwysing soos van tyd tot tyd bygewerk, waardeur Akademia se studente hul daartoe verbind om eties, met respek, verantwoordelik, en pligsgetrou op te tree in die uitvoering van enige bedrywighede met betrekking tot die instelling, terwyl daar gestrewe word om ’n omgewing te bevorder en te handhaaf wat al Akademia se studente bemagtig om hul hoogste potensiaal te verwesenlik sonder vrees vir benadeling.

4. Algemene studentegedrag en reëls

4.1 Daar word van studente verwag om hierdie Beleid en enige ander *Gedragskode vir Studente* na te kom, by gebrek waaraan dissiplinêre optrede en gevolglike strafmaatreëls en strafoplegging toegepas sal word.
4.2 Daar word onder meer van studente verwag om:
4.2.1 te voldoen aan en respek te toon vir die redelike opdragte van ’n personeellid of ander beamptes van die instelling of enige ander persoon wat die instelling verteenwoordig;
4.2.2 by te dra tot ’n bevorderlike onderrig- en leeromgewing;
4.2.3 ingelig te wees en te voldoen aan alle reëls, regulasies, beleid en prosedures van die instelling;
4.2.4 met integriteit op te ree in alle onderrig- en leeraktiwiteite van die instelling. Dit sluit ’n mate van uiterste goedertrou en eerlikheid ten opsigte van alle aktiwiteite in, insluitend werk wat voorgelê word, geskryf en ingedien word, en om respek te toon en na behore erkenning te verleen aan die intellektuele besitreg van werk gelewer deur ander, deur nakoming van Akademia se voorgeskrewe plagiaatbeleid en gebruike vir verwysingstegniek;
4.2.5 aktief deel te neem, en verantwoordelikheid te aanvaar vir hul eie leerproses en om advies te soek wanneer nodig;

4.2.6 enige oortreding, misstap of wangedrag wat deur ander begaan word waarvan hulle redelikerwys bewus is of moes wees, binne ’n redelike tydsverloop onpartydig aan te meld by die betrokke fakulteitslid of die Registrateur; en

4.2.7 vooraf skriftelike toestemming van die Bestuurder van Studentesake te verkry vir enige aktiwiteit wat die betrokkenheid by derde partye behels of enige reis, besoek of toer wat deur studente onderneem word in hul amptelike hoedanigheid by die instelling.

4.3 Studente mag, onder meer, nie:

4.3.1 sonder behoorlike vooraf goedkeuring van Akademia registreer of geregistreer wees by enige ander hoër opvoedkundige instansie nie;

4.3.2 onder die invloed van alkohol of enige ander afhanklikheidsvormende middel wees op enige perseel van die instelling of wanneer deelgeneem word aan enige Akademia-verwante aktiwiteite nie;

4.3.3 rook in ’n area waar rook verbode is nie;

4.3.4 enige persoon regstreeks of onregstreeks skade aandoen of skade uitlok nie;

4.3.5 in besit wees van vuurwapens of enige ander wapens wat liggaamlike besering kan veroorsaak, op die perseel van die instelling of tydens deelname aan enige Akademia-verwante aktiwiteite nie;

4.3.6 deel hê aan enige oneerlike optrede tydens hul studies nie, spesifiek met betrekking tot assesserings of ander voorgeskrewe werk;

4.3.7 deelneem aan enige optrede beide op of af van die instelling se perseel wat die goeie naam van die instelling kan skaad nie; of

4.3.8 afwyk van die standaarde en norme van gepaste gedrag soos verwag van ’n student aan ’n tersiêre opvoedkundige instansie nie.

5. Wangedrag

Afgesien van oorskryding van enige beleid, reëls en regulasies, maar nie beperk tot oortreding of gebrek aan nakoming van die voorskrifte in Paragraaf 4 nie, sal studente ook aan wangederag skuldig wees indien hulle doelbewus of uit nalatigheid:

5.1 wangedrag toon op ’n wyse wat die goeie naam van die instelling, die handhawing van orde en dissipline aan die instelling, of die behoorlike uitvoering van die werk van die instelling benadeel of kán benadeel;

5.2 optree op ’n manier wat op oortreding van die Suid-Afrikaanse grondwetlike bevele of ander toepaslike wetgewing neerkom;

5.3 sosiale media op ’n wyse gebruik wat op enige van die bogemelde neerkom;

5.4 weier om die gesag of enige wettige besluit van die Bestuur, die Senaat, ander gesagsliggame van die instelling, of enige ander beampte van die instelling te gehoorsaam;

5.6 gedrag toon en/of taal gebruik wat vertolk kan word as gewelddadig, onbehoorlik, wanordelik, of aanstootlik, op die perseel van die instelling of tydens betrokkenheid by Akademia-verwante bedrywighede;
5.6 ’n medestudent aanspoor om enige oortreding te begaan, of nalaat om studente te laat afsien van wangedrag waar sodanige ontmoediging redelikerwys van hulle verwag kan word;
5.7 ’n daad van plagiaat begaan of inbreuk maak op ander se intellektuele besitregte;
5.8 te eniger tyd betrokke raak by bedrieglike bedrywigheide, insluitend vervalsing van enige handtekening, dokument of boodskap;
5.9 enigsins die bedryf van die instelling versteur of ontwrig;
5.10 enige eiendom van die instelling beskadig of vernietig;
5.11 goedere adverteer, goedere te koop aanbied, fondse werf of geld insamel op die perseel van die instelling of namens die instelling, sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Registratuer; en/of
5.12 die privaatheid van enige persoon in gedrang bring, hetsy natuurlik of juristies.

6. Strafmaatreëls

Die Dissiplinêre Komitee vir Studente mag:
6.1 enige van die strafmaatreëls en strafoplegging wat in hierdie paragraaf genoem word toepas; of
6.2 die toepassing van ’n strafmaatreël of strafoplegging vir ’n bepaalde, maar redelike tydperk uitstel, na afloop waarvan enige van die strafmaatreëls of strafoplegging in hierdie paragraaf genoem, toegepas kan word; of
6.3 in enige geval waar ’n strafmaatreël of strafoplegging wat in hierdie paragraaf genoem word, toegepas word, die afdwing daarvan vir ’n bepaalde tyd uitstel, en deur die toepassing van ’n opgeskorte strafmaatreël of strafoplegging ingevolge hierdie paragraaf, die opskorting van of enige deel daarvan aanbeveel op sodanige voorwaardes as wat die Registrateur, onder andere, regverdig mag beskou ná oorweging van al die gepaardgaande feite en omstandighede soos, onder meer, administratiewe probleme in verband daarmee.
6.4 die volgende strafmaatreëls en strafoplegging toepas ingevolge hierdie reëls:
6.4.1 formele skriftelike waarskuwing om die oortreding of wangedrag onmiddellik te staak, by gebrek waaraan dit dadelik deur die Komitee geëskaleer kan word na een van die ondergemelde;
6.4.2 ’n formele skriftelike waarskuwing wat op die student se akademiese rekord bly staan;
6.4.3 die verbeuring van assesseringspunte en/of enige ander krediete wat deur assessering of op enige ander wyse verwerf is;
6.4.4 die verbeuring van enige kwalifikasie wat op ’n oneerbare of oneerlike manier verkry is;

6.4.5 skorsing uit die instelling vir ’n bepaalde tydperk;
6.4.6 algehele uitsetting uit die instelling;
6.4.7 en gevolglik, die verbeuring van enige amptelike akademiese rekords in die student se akademiese geskiedenis by die instelling;
6.4.8 verbeuring van ’n Akademia-beurs en/of -lening;
6.4.9 om ’n skriftelike verskoning aan ’n bepaalde persoon of liggaam uit te reik;
6.4.10 vergoeding vir of herstel van skade, benadeling of verlies wat deur die oortreder veroorsaak is; en/of
6.4.11 betaling van ’n toepaslike boete, wat nie meer as R5 000 beloop nie.
6.5 Die Registrateur moet die Senaat en Bestuur van die bevindinge en strafmaatreël of strafoplegging wat in elke instansie opgelê word, in kennis stel.

7. Dissiplinêre Komitee vir Studente

Die Registrateur rig die Dissiplinêre Komitee vir Studente op met die volgende samestelling:
7.1 ’n Voorsitter, wat ’n toegelate prokureur of advokaat is en ten minste 8 (agt) jaar as sodanig gepraktiseer het en deur die Registrateur aangestel word, dog nie ’n Akademia-personeellid is nie;
7.2 Die voorsitter word deur die volgende lede bygestaan in gevalle wat met beweerde akademiese wangedrag in verband staan:
7.2.1 Twee lede van die akademiese personeel wat permanent in diens is, ten minste op die vlak van Departementshoof, wat nie betrokke is by ’n program waarvoor die betrokke student geregistreer is nie.
7.3 Die voorsitter word deur die volgende lede bygestaan in gevalle in verband met beweerde wangedrag van ’n nie-akademiese aard:
7.3.1 Twee lede van die akademiese personeel wat permanent in diens is, ten minste op die vlak van lektor.
7.4 Die volgende persone is nie geskik om as lede van die Dissiplinêre Komitee vir Studente te dien nie:
7.4.1 die persoon wat die klag gelê het;
7.4.2 ’n persoon wat getuienis aflê voor die Dissiplinêre Komitee vir Studente; en
7.4.3 ’n persoon wat onafhanklik van die Dissiplinêre Komitee vir Studente ondersoek ingestel het of die klag geldig is al dan nie.

8. Dissiplinêre prosedures

Indien ’n personeellid inligting ontvang wat op moontlike wangedrag deur ’n student dui, moet die personeellid sodanige insident(e) aan die Bestuurder van Studentesake aanmeld.

8.1 Ondersoek

8.1.1 Die Bestuurder van Studentesake ondersoek die beweerde wangedrag en, gebaseer op die bewyse wat ingewin word, word ’n besluit geneem of daar voortgegaan moet word met ’n klag teen die student.

8.1.2 Indien ’n ondersoek klaarblyklike of vermoedelike kriminele optrede blootlê, mag Akademia die saak by die Suid-Afrikaanse Polisiedeins aanmeld.

8.2 Prosedure

8.2.1 Die Bestuurder van Studentesake moet die klag en die materiële feite waarop dit berus, skriftelik aan die betrokke student aflewer (Sien Aanhangsel A: Kennisgewing van Dissiplinêre Verhoor) en moet die student die geleentheid bied om hulself teen die aanklag te verdedig tydens ’n dissiplinêre verhoor van die student, wat moet plaasvind binne ’n tydperk van 21 (een en twintig) werkdae van die datum waarop die aanklag aan die student afgelewer is, persoonlik per hand by die gekose domisilie-adres of die benoemde e-posadres, of binne ’n verlengde tydperk, met goeie rede.

8.2.2 Studente teen wie ’n klag gelê word, moet van hul regte bewus gemaak word, insluitend:

8.2.2.1 die reg om die dissiplinêre verhoor by te woon/nie by te woon nie;

8.2.2.2 die reg tot studenteverteenwoordiging, dog geen regsverteenwoordiging nie;

8.2.2.3 indien onder die ouderdom van 18 (agttien), die reg om deur die ouer of voog bygestaan te word;

8.2.2.4 die reg om ’n skriftelike verklaring en/of ondersteunende bewyse ter verdediging van die saak in te dien/nie in te dien nie; en

8.2.2.4 die reg om getuies te roep.

8.2.3 Indien ’n student teen wie ’n klag gelê is, verkies om nie aan die proses deel te neem nie, sal die proses in hul afwesigheid voortgaan.

8.2.4 Die student stem hiermee in dat alle verrigtinge opgeneem mag word deur middel van oudio-opnames vir die doeleindes van die rekords van die instelling. ’n Transkripsie van sodanige verrigtinge mag te eniger tyd ná die verrigtinge skriftelik deur die student aangevra word.

8.2.5 Die Dissiplinêre Komitee vir Studente mag, na afloop van die dissiplinêre verhoor, die student skuldig of onskuldig bevind aan ’n oortreding of wangedrag, en die saak na die

Registrateur verwys met ’n opdrag vir die implementering en uitvoering van die toepaslike strafoplegging waartoe die Komitee besluit het.

8.2.6 Die student moet skriftelik oor die bevinding en strafoplegging ingelig word (Sien Aanhangsel B: Kennisgewing van Bevinding en Strafoplegging).

9. Reg tot appèl

9.1 Dissiplinêre Appèlkomitee vir Studente

Die Appèlkomitee word soos volg saamgestel:

9.1.1 Voorsitter: die besturende direkteur of enige direksielid van die instelling;

9.1.2 ’n lid van die Senaat van Akademia uit ’n fakulteit waaraan die student nie verbonde is nie;

9.1.3 ’n senior akademiese personeellid van ’n ander opvoedkundige instelling; en

9.1.4 ’n onafhanklike prokureur of advokaat wat ten minste 8 (agt) jaar as sodanig gepraktiseer het.

’n Persoon wat as ’n lid van die Dissiplinêre Komitee vir Studente opgetree het in ’n saak waarin daar by die Dissiplinêre Appèlkomitee vir Studente appèl aangeteken is, mag nie aan die appèl deelneem nie en is gevolglik nie geskik om as lid van die laasgenoemde komitee te dien in die spesifieke saak nie.

9.2 Appèlproses

9.2.1 Indien ’n student skuldig bevind word aan ’n oortreding of wangedrag en die komitee op aanbeveling van die Registrateur een of meer van die strafopleggings ooreenkomstig hierdie Beleid oplê, mag die student by die Dissiplinêre Appèlkomitee vir Studente appèl aanteken teen die bevinding en/of strafoplegging, met dien verstande dat die student die appèl en motivering daarvan skriftelik by die Registrateur indien binne 10 (tien) werkdae (alle dae, uitsluitend Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae) van die datum waarop die bevinding en strafoplegging op skrif, persoonlik per hand of per e-pos aan die student afgelewer is, by die die student se gekose domisilie-adres of via die benoemde e-posadres. In sulke gevalle, en volgens diskresie van die Registrateur, mag die oplegging van die aanvanklike strafmaatreël of strafoplegging uitgestel word, afhangende van die uitkoms van die appèl tot die Dissiplinêre Appèlkomitee vir Studente.

9.2.2 Waar ’n student ’n appèl indien ooreenkomstig die appèlproses soos in hierdie Beleid uiteengesit, moet die Dissiplinêre Komitee vir Studente ’n skriftelike verslag oor die ondersoek

en daaropvolgende verhoor, asook alle opnames, by die Dissiplinêre Appèlkomitee vir Studente indien binne 21 (een en twintig) werkdae, met spesifisering van:
9.2.2.1 die prosedure wat gevolg is;
9.2.2.2 die feite wat vasgestel is; en
9.2.2.3 die faktore wat die Dissiplinêre Komitee vir Studente oorweeg het vir die aanbeveling vir strafoplegging.

Die Dissiplinêre Appèlkomitee vir Studente het die gesag om die appèl toe te staan of van die hand te wys, of om enige alternatiewe verminderde of bykomende strafoplegging op te lê waarvoor die Dissiplinêre Komitee vir Studente volmag het om aan te beveel, en die Registrateur volmag het om op te lê, of om ’n ander bevinding te maak, of om die nodige opdrag te gee om reg te laat geskied.

10. Strafoplegging

10.1 Skorsing van student

10.1.1 Die Dissiplinêre Komitee vir Studente mag, indien die Komitee dit in die belang van veiligheid of vir die handhawing van goeie orde en dissipline van die instelling beskou, volgens hul uitsluitlike diskresie aanbeveel dat ’n student van die perseel van die instelling en/of uit enige onderrig- en leerbedrywighede geskors word vir ’n bepaalde tydperk.
10.1.2 Die tydperk van skorsing moet wees soos aanbeveel deur die Komitee, op aanbeveling van die Registrateur, en mag uitgestel word totdat:
10.1.2.1 die student onskuldig bevind word deur die Dissiplinêre Komitee vir Studente;
10.1.2.2 die student se appèl deur die Dissiplinêre Appèlkomitee vir Studente gehandhaaf word; of
10.1.2.3 die strafmaatreël of strafoplegging wat ingevolge hierdie dissiplinêre reëls opgelê word, van krag word.

10.2 Uitsetting

10.2.1 ’n Student teen wie ’n tydelike uitsettingsbevel deur Akademia ingestel is, sal nie toegelaat word om weer vir enige progam in te skryf wat deur die instelling aangebied word nie, behalwe met vooraf skriftelike goedkeuring van die Senaat van Akademia.
10.2.2 ’n Student teen wie ’n permanente uitsettingsbevel deur Akademia ingestel is, sal nie toegelaat word om weer vir enige program in te skryf wat deur die instelling aangebied word nie.

11. Bykomende bepaling

As ’n student skuldig bevind word aan wangedrag ingevolge hierdie Beleid, sal dit formeel gereflekteer word op hul amptelike akademiese rekord.

12. Grade van oortreding en die betrokke gevolge

Aantygings van wangedrag word gekategoriseer as Graad 1-, 2- of 3-oortredings en die Bestuurder van Studentesake sal die klag teen die student lê ooreenkomstig die toepaslike vlak, soos deur die onderstaande standaarde aangedui word.

12.1 Graad 1-oortredings

Oortreding	Aanbevole strafmaatreëls
12.1.1 Beskadiging van enige eiendom wat van minder ernstige aard is	12.1.1.a Boete wat die herstelkoste reflekteer 12.1.1.b Finale skriftelike waarskuwing 12.1.1.c Skorsing
12.1.2 Obstruksie of ontwrigting van die beheer, gesag en behoorlike administrasie van die instelling of sy betrokke bedrywighede wat van minder enrstige aard is	12.1.2.a Finale skriftelike waarskuwing 12.1.2.b Skorsing
12.1.3 Rook in ruimtes wat nie daarvoor aangewys word nie	12.1.3.a Boete 12.1.3.b Finale skriftelike waarskuwing

12.2 Graad 2-oortredings

Oortreding	Aanbevole strafmaatreëls
12.2.1 Oneerlikheid met betrekking tot assesserings **12.2.2 Nienakoming van toets- en eksamenreëls** **12.2.3 Plagiaat** **12.2.4 Betrokkenheid by bedrieglike bedrywighede / vervalsing van enige handtekening of dokument of rekord op enige gegewe tydstip** **12.2.5 Gedrag met ’n ernstige nadelige impak op Akademia se reputasie of die funksionering van die institusionele bedrywighede**	12.2.a Verbeur punte vir die spesifieke assessering 12.2.b Finale skriftelike waarskuwing 12.2.c Skorsing 12.2.d Uitsetting 12.2.e Borge sal ingelig word oor ’n skorsing of uitsetting. 12.2.f Alkohol- en dwelmmisbruik sal verwys word na die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad op Alkoholisme en Dwelmafhanklikheid (SANCA).

12.2.6 Gebruik van skeltaal of ander onbehoorlike gedrag wat inbreuk maak op die regte van ander **12.2.7 Alkoholmisbruik op instelling se perseel** **12.2.8 Ongemagtigde besit van of handel met alkohol op die instelling se perseel** **12.2.9 Deelname aan optrede wat die goeie naam van die instelling skade aandoen of kan aandoen**	12.2.g Wangedrag wat op ’n misdaad neerkom, sal verwys word na die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).

12.3 Graad 3-ootredings

- Borge sal ingelig word oor ’n skorsing of uitsetting.
- Alkohol- en dwelmmisbruik sal na die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad op Alkoholisme en Dwelmafhanklikheid (SANCA) verwys word.
- Wangedrag wat op ’n misdaad neerkom, sal na die die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) verwys word.

Oortreding	Aanbevole strafmaatreëls
12.3.1 Verbale of fisieke dreigement of aanval teen personeel of studente **12.3.2 Besit van en/of dreigement met gevaarlike wapens** **12.3.3 Besit van, verbruik of handel met dwelmmiddels of afhanklikheidsvormende stowwe** **12.3.4 Uitlokking of toediening van leed, skade of besering van ander of iemand anders se eiendom op die instelling se perseel of tydens bedrywighede met betrekking tot die instelling** **12.3.4 Besit van en/of handel met enige assessering wat nog nie plaasgevind het nie** **12.3.5 Pogings om enige persoon om te koop ten opsigte van enige assessering**	12.3.a Skorsing 12.3.b Uitsetting

12.3.6 Herhaaldelike of volgehoue wangedrag van ’n ernstige aard, insluitend gebrek aan nakoming van dissiplinêre strafmaatreëls	
12.3.7 Diefstal	12.3.7.a Vervanging van gesteelde artikel 12.3.7.b Skorsing 12.3.7.c Uitsetting

13. Ander

Oortredings en dissiplinêre aksie wat nie in hierdie Beleid gedek word nie, sal volgens diskresie van die Dissiplinêre Komitee vir Studente gehanteer word.

GOEDKEURING

Senaatsbesluit (Goedgekeur / gewysig)	Gewysig deur	Opmerkings
2020 Gewysig	**Liana Venter**	**Teksversorging**
2021 Gewysig	**Liana van Rooy**	**Grondwet van komitees op datum gebring**
2022	**Senaat**	

2023	**Senaat**	**Samestelling van appélkomitee aangepas**

Aanhangsel A: Kennisgewing van Dissiplinêre Verhoor

Aanhangsel B: Kennisgewing van Bevinding en Strafoplegging